| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 3 |
| **PUNTETOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 6 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE AFDELINGS**:

   **AFDELING A**: Opstel (50)

   **AFDELING B**: Transaksionele tekste (25 x 2) (50)

2. Beantwoord **EEN** vraag uit **AFDELING A** en **TWEE** vrae uit **AFDELING B**.

3. Begin **ELKE** afdeling op ’n **NUWE** bladsy.

4. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ’n kopkaart of vloeidiagram. Doen jou beplanning **VOORDAT** jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ’n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

8. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer. Die titel/opskrif word nie by die totale woorde ingereken nie.

9. Skryf duidelik die woorde **FINALE SKRYFSTUK** boaan die skryfstuk wat geassesseer moet word.

10. Die volgende tydsbesteding aan elke afdeling word aanbeveel:

    **AFDELING A**: ongeveer 100 minute.

    **AFDELING B**: ongeveer 80 minute (40 minute per skryfstuk)

11. Skryf netjies en leesbaar, slegs in BLOU ink.

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

- Kies **EEN** van die volgende opdragte en skryf 'n opstel van **400** tot **450** woorde.
- Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 My ouer(s)/voog(de) is my kosbaarste skat. **[50]**

1.2 Baie probleme in Suid-Afrika is as gevolg van werkloosheid. **[50]**


1.3 Die lewe is nie net 'n rustige wandeling nie. **[50]**

1.4 **WONDERLIK!** **[50]**

1.5 Ek is 'n voorstander of teenstander van 'n pakslae om kinders te dissiplineer. **[50]**

Bestudeer die onderstaande prente (1.6 tot 1.8) en skryf 'n opstel oor EEN.
Skryf die nommer en jou eie titel/opskrif neer.

1.6



*[Bron: Google images]*

**[50]**

1.7



*[Bron: Google images]*

**[50]**

1.8



*[Bron: Google images]*

[50]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

# AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

Kies **TWEE** van die volgende onderwerpe en skryf **180** tot **200** woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **E-POS**

Jou oom/tannie het ’n nuwe besigheid begin.

| | |
|---|---|
| Van | |
| Aan | |
| Datum | |
| Onderwerp | |
| Boodskap: | |

Gebruik die bostaande formaat en stuur ’n **e-pos** aan jou oom/tannie waarin jy hom/haar sukses met sy/haar besigheid toewens. **[25]**

2.2 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou vriend/vriendin het baie sleg in ’n vorige eksamen gevaar.

Skryf ’n **vriendskaplike brief** aan hom/haar waarin jy hom/haar bemoedig en moed inpraat. **[25]**

2.3 **DIALOOG**

Volgens jou mening ontvang jy te min sakgeld per maand van jou pa. Jou pa is egter van mening dat jy genoeg sakgeld verdien.

Skryf die **dialoog** tussen jou en jou pa. **[25]**

2.4 **RESENSIE**

Jy het onlangs ’n nuwe winkelsentrum, Berghang, besoek wat ’n groot indruk op jou gelaat het.

Skryf ’n **resensie** vir jou skoolkoerant oor die winkelsentrum. **[25]**

2.5 **FORMELE TOESPRAAK**

Jy is deur die voorsitter/voorsitster van die Bosveld-omgewingsklub gevra om 'n toespraak oor die bewaring van bome te lewer.

Skryf die **formele toespraak**. **[25]**

2.6 **AANSOEK OM 'N BETREKKING**

Jy het in die BEELD 'n advertensie gesien waarin SASOL 'n pos vir 'n rekenaartegnikus/chemiese ingenieur adverteer. Jy besluit om vir een van die twee poste aansoek te doen.

Rig jou aansoek aan:

**Die Personeelbestuurder**
**SASOL**
**Posbus 20**
**Sasolburg**
**1947** **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: (25 x 2) [50]**

**GROOTTOTAAL: [100]**